

Rapport

Druk hierdie artikel

Pragtige streek 'is erg ontsier'

2010-06-19 23:15

Llewellyn Prince in Kaapstad

Wynboere in Stellenbosch is omgekrap oor reusagtige kweekhuise wat 'n gesiene en skatryk familie op hul aarbeilanderye opgerig het.

Die klaers meen dié spierwit strukture van die Zetler-familie tussen wingerde langs die Polkadraaipad ontsier dié wêreldbekende wynlande, wat ná die Krugerwildtuin en Tafelberg die gewildste toerismebestemming in Suid-Afrika is.

Die Stellenbosch-munisipaliteit sê hulle ondersoek die aangeleentheid en sal hof toe gaan as dit moet.

Die Zetlers sê egter die kweekhuise is hoe hulle “innoverend moet wees om ons besigheid te beskerm”.

Drs. Luca en Ingrid Bien, 'n Switsers gebore egpaar wat reg langs van die kweekhuise hul private wynkelder, Bien Wines, bedryf, sê hul onderneming word direk deur die kweekhuise geraak.

“Ons bied die mooi wynlandskap as 'n pakket saam met ons wyne aan kliënte omdat die wynbedryf in 'n krisis is.

“Ons kon enige plek in die wêreld 'n wynplaas gekoop het, maar nêrens is dit só mooi nie. Geen wetlike prosesse is vir die kweekhuise en betonmuur gevolg nie, terwyl ons as bure ook nie vir kommentaar genader is nie.”

Ingrid Bien sê: “Ons uitsig het verander en die toeriste vra al klaar vrae. Ons as gemeenskap moet ontstaan en iets doen om ons wynlande te beskerm.”

Me. Sunette Dendulk van die De Toren-plaas sê sy en haar man, Emile, se uitsig word nie direk deur



Só staan die kweekhuise tussen wingerde op die Polkadraaipad by Stellenbosch. Foto: YUNUS MOHAMED

[Foto's](#) · [Lesersfoto's](#) · [Nuus in Foto's](#)
[Stuur vir ons jou foto's](#) · [Stuur vir ons jou foto's](#)

die kweekhuise geraak nie.

“Die wyne van ons gebied is egter saam met die skone landskap baie beroemd. Ons het die plase vir die skoonheid van die gebied gekoop en kweekhuise kan nie in wynlande geduld word nie.”

Mnr. Duncan Fransz, eienaar van die Jakarta-restaurant, sê die kweekhuise bederf die hele landskap.

“Hulle het nie goedkeuring van die munisipaliteit gekry nie. Al wat ek nou uit elke venster sien is kweekhuise.”

Mnr. Julian Zetler sê sy familie boer al die afgelope 100 jaar met aarbeie in die gebied.

“Ons bedryf 'n intensiewe boerdery en die strukture is tydelik. Die kweekhuise is deel van hoe ons altyd innoverend moet wees om ons besigheid te beskerm.

“Die betrokke kweekhuise is op peperduur grond en ons kan niks anders daarop doen nie.”

Oor klagtes dat dit die wynlande ontsier, sê Zetler: “Wat mooi vir ons is, is dalk nie mooi vir ander nie.

“Ons het nie geweet ons moet toestemming vra vir die kweekhuise op ons grond nie. Ons het met van die klaers vergader om te sien hoe ons hulle tegemoet kan kom. Ons het internasionale konsultante wat ons help.”

Volgens hom is hulle nie van 'n oes gewaarborg as hulle nie hul aarbeilande toemaak nie. “Ons verskaf werk aan sowat 400 seisoenale werkers.

“Dit is nie maklik nie, maar die kweekhuise verleng ons besigheid en werk vir ons mense.”

Mnr. Vernon Bowers, woordvoerder van die Stellenbosch-munisipaliteit, sê verskeie klagtes van plaaseienaars is al oor die kweekhuise ontvang.

Volgens hom samel die munisipaliteit tans meer bewyse in en sal 'n kennisgewing binnekort op die eiendomseienaars beteken word.

“Hulle sal óf vir die kweekhuise moet aansoek doen by die raad óf dit afbreek.”

Volgens Bowers sal die aansoeke vir kommentaar gepubliseer word en as die kennisgewings geïgnoreer word, kan die howe genader word.